

Handelinge 7

Handelinge 7:1-60

1 Toe sê die hoëpriester: Is hierdie dinge dan so? 2 En hy sê: Broeders en vaders, luister! Die God van die heerlijkheid het verskyn aan ons vader Abraham toe hy in Mesopotámië was, voordat hy in Haran gewoon het, 3 en vir hom gesê: Trek uit jou land en uit jou familie, en kom na die land wat Ek jou sal wys. 4 Toe het hy getrek uit die land van die Chaldéërs en in Haran gaan woon; en ná die dood van sy vader het Hy hom daarvandaan laat verhuis na hierdie land waarin julle nou woon. 5 En Hy het hom geen erfdeel daarin gegee nie, selfs nie 'n voetbreed nie, maar Hy het belowe om dit aan hom en sy nageslag ná hom as eiendom te gee, toe hy nog geen kind gehad het nie. 6 En God het aan hom dít gesê, dat sy nageslag bywoners in 'n vreemde land sou wees en die mense hulle tot slawe sou maak en mishandel, vier honderd jaar lank. 7 En die nasie aan wie hulle diensbaar sal wees, sal Ek oordeel, het God gesê; en daarna sal hulle uittrek en My in hierdie plek dien. 8 En Hy het hom die verbond van die besnydenis gegee, en so het hy die vader van Isak geword en hom op die agtste dag besny; en Isak het die vader van Jakob geword, en Jakob van die twaalf aartsvaders.

9 En die aartsvaders was jaloers op Josef en het hom verkoop na Egipte toe; maar God was met hom 10 en het hom uit al sy verdrukkinge verlos en hom guns en wysheid geskenk voor Farao, die koning van Egipte; en dié het hom goewerneur gemaak oor Egipte en oor sy hele huis. 11 En 'n hongersnood en groot benoudheid het oor die hele Egipteland en Kanaän gekom, en ons vaders kon geen voedsel kry nie. 12 En toe Jakob hoor dat daar koring in Egipte was, het hy ons vaders die eerste keer uitgestuur. 13 En die tweede keer is Josef deur sy broers herken, en die afkoms van Josef het aan Farao bekend geword. 14 Toe het Josef gestuur en sy vader Jakob laat roep en sy hele familie, vyf en sewentig siele. 15 En Jakob het afgetrek na Egipte en daar gesterwe, hy en ons vaders. 16 En hulle is oorgebring na Sigem en weggelê in die graf wat Abraham vir 'n som geld gekoop het van die seuns van Hemor, die vader van Sigem.

17 En namate die tyd van die belofte wat God aan Abraham met 'n eed beloof het, nader kom, het die volk toegeneem en vermeerder in Egipte, 18 totdat daar 'n ander koning opgestaan het wat nie vir Josef geken het nie. 19 Hy het listig met ons geslag te werk gegaan en ons vaders mishandel deur hulle te verplig om hul

kindertjies weg te gooi, sodat hulle nie in die lewe behou kon word nie. 20 In dié tyd is Moses gebore, en hy was wonderlik mooi. Drie maande lank is hy in die huis van sy vader versorg; 21 en toe hy weggegooi is, het Farao se dogter hom opgeneem en hom as haar seun grootgemaak. 22 En Moses is opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en was magtig in woorde en daede.

23 En nadat hy die ouderdom van veertig jaar bereik het, het dit in sy hart opgekom om sy broers, die kinders van Israel, te besoek; 24 en toe hy sien dat iemand onreg aangedoen word, het hy hom verdedig en die man wat mishandel was, gewreek deur die Egiptenaar te verslaan. 25 En hy het gedink dat sy broers sou verstaan dat God hulle deur sy hand redding sou gee; maar hulle het dit nie verstaan nie. 26 En die volgende dag het hy by hulle verskyn terwyl hulle besig was om te veg, en hy het by hulle aangedring om vrede te maak en gesê: Manne, julle is broers; waarom doen julle mekaar onreg aan? 27 Maar hy wat sy naaste onreg aangedoen het, het hom afgestoot en gesê: Wie het jou as 'n owerste en regter oor ons aangestel? 28 Jy wil my tog nie doodmaak soos jy gister die Egiptenaar doodgemaak het nie? 29 En Moses het op hierdie woord gevlug en 'n bywoner geword in die land Míddian, waar hy die vader van twee seuns geword het.

30 En toe veertig jaar verby was, het 'n Engel van die Here aan hom verskyn in die woestyn van die berg Sinai, in die vuurvlam van 'n doringbos. 31 En Moses het dit gesien en hom oor die gesig verwonder; en toe hy daarheen gaan om dit te besien, het die stem van die Here tot hom gekom: 32 Ek is die God van jou vaders, die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob. En Moses het begin bewe en nie gewaag om dit te bekyk nie. 33 Toe sê die Here vir hom: Trek die skoene van jou voete af, want die plek waarop jy staan, is heilige grond. 34 Ek het duidelik gesien die mishandeling van my volk wat in Egipte is, en hulle gesug gehoor en neergedaal om hulle te verlos. En nou, kom hier, Ek wil jou na Egipte stuur. 35 Hierdie Moses wat hulle verloën het deur te sê: Wie het jou aangestel as 'n owerste en regter? – hom het God as owerste en verlosser gestuur deur die hand van die Engel wat aan hom verskyn het in die doringbos. 36 Hy het hulle uitgelei en wonders en tekens in Egipteland en in die Rooi See en die woestyn gedoen, veertig jaar lank. 37 Dit is dié Moses wat aan die kinders van Israel gesê het: Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broers net soos ek is; na Hom moet julle luister. 38 Dit is hy wat in die vergadering in die woestyn was saam met die Engel wat met hom op die berg Sinai gespreek het, en saam met ons vaders; hy het die

lewende woorde ontvang om aan ons te gee. 39 Na hom wou ons vaders nie luister nie, maar hulle het hom verstoot en met hulle harte na Egipte teruggekeer 40 toe hulle vir Aäron gesê het: Maak vir ons gode wat voor ons uit sal trek; want hierdie Moses wat ons uit Egipteland uitgelei het, ons weet nie wat van hom geword het nie. 41 En hulle het in daardie dae 'n kalf gemaak en aan die afgodsbeeld 'n offer gebring en hulle in die werke van hulle hande verbly. 42 Maar God het Hom afgewend en hulle oorgegee om die leër van die hemel te dien, soos geskrywe is in die boek van die profete: Julle het tog nie aan My slagoffers en offers gebring gedurende veertig jaar in die woestyn nie, o huis van Israel? 43 Ja, julle het die tent van Molog opgeneem en die ster van julle god Remfan, die beelde wat julle gemaak het om hulle te aanbid. En Ek sal julle anderkant Babilon wegvoer. 44 Die tent van die Getuïenis was onder ons vaders in die woestyn, soos Hy wat met Moses gespreek het, hom bevel gegee het om dit te maak volgens die afbeelding wat hy gesien het. 45 En ons vaders het dit ontvang en met Josua ingebring in die besitting van die nasies wat God voor ons vaders uitgedryf het, tot op die dae van Dawid 46 wat genade gevind het voor God en gevra het om 'n woonplek vir die God van Jakob te verkry. 47 En Salomo het 'n huis vir Hom gebou. 48 Maar die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profeet sê: 49 Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Watter soort huis sal julle vir My bou, sê die Here, of hoedanig is die plek van my rus? 50 Het my hand nie al hierdie dinge gemaak nie? 51 Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle. 52 Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Ja, hulle het dié gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het; 53 julle wat die wet deur die beskikkinge van engele ontvang het en tog nie onderhou het nie! 54 En toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hul harte en het teen hom op die tande gekners. 55 Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God. 56 En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan. 57 Maar hulle het met 'n groot stem geskreeu en hulle ore toegestop en soos een man op hom aangestorm. 58 En hulle het hom buitekant die stad uitgewerp en hom gestenig; en die getuies het hulle klere

neergelê by die voete van 'n jongman met die naam van Saulus. 59 En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy die Here aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees! 60 En hy het op sy knieë neergeval en met 'n groot stem uitgeroep: Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie! En met dié woorde het hy ontslaap.

1. Handeling 7:1-53 – Stefanus se verkondiging

1.1 Opbou van Stefanus se verkondiging

As 'n Hellenistiese Jood het Stefanus 'n wyer perspektief gehad van die implikasies van die evangelie as die meeste Hebreeuse Jode. Dit is hierdie wyer perspektief wat gelei het tot die aanval van die Jode op hom. Soos by die apostels is Stefanus se woorde voor die Joodse Raad nie 'n verdediging van homself nie, maar eerder 'n verkondiging van die heerlikheid van God (Hand 7:2, 55).

Stefanus se verkondiging is 'n oorsig van God se geskiedenis met die Israëliete waarin hy sekere elemente belig en beklemtoon. Die verkondiging word opgebou rondom Abraham, Josef, Moses, Dawid en Salomo. Die eerste deel (Hand 7:2-16) handel oor die tydperk van die aartsvaders waarin die lastering teen God (Hand 6:11) as onwaar bewys word. Die tweede deel (Hand 7:17-43) handel oor Moses en die Wet in antwoord op die klag dat hy Moses gelaster het (Hand 6:11) en teen die wet gespreek het (Hand 6:13). Die derde deel (Hand 7:44-50) handel oor die tempel in antwoord op die klag dat hy teen die tempel gespreek het (Hand 6:13) en dat Jesus die tempel sal afbreek en die Joodse gebruike verander (Hand 6:14). In die laaste deel van die verkondiging (Hand 7:51-53) rig Stefanus 'n klagte tot die Joodse Raad.

In sy oorsig van die geskiedenis is Stefanus nie besig om die Joodse Raad iets te vertel wat hulle nie weet nie. Stefanus is eerder besig om sekere punte te beklemtoon wat die Joodse Raad op ag moet slaan. Die sake wat Stefanus beklemtoon is dat God Homself nooit net aan een plek – soos die tempel – verbind het nie en dat die Jode die gewoonte het om diegene wat God stuur te verwerp.

1.2 Handeling 7:1 – Die hoëpriester se vraag

1 Toe sê die hoëpriester: Is hierdie dinge dan so?

1.2.1 Vrae by Handeling 7:1

1. Na wie word as die hoëpriester verwys? (vers 1)
2. Oor watter dinge vra die hoëpriester uit? (vers 1)

Die **hoëpriester** van wie hier gepraat word, is waarskynlik Kajafas. Hy was in hierdie stadium die amptelike hoëpriester alhoewel Annas deur baie Jode steeds as die hoëpriester geag is (vgl. die notas by Handeling 4:6). Jesus het ook voor Kajafas en Annas verskyn oor soortgelyke valse aanklagte (Joh 18:13-14, 24; Matt 26:57).

Dit is nou al die derde keer dat die gelowiges voor die Joodse Raad gedaag word oor hulle verkondiging. Petrus en Johannes was die eerste apostels om voor die Joodse Raad te verskyn (Hand 4). Tydens die tweede geleentheid was meer apostels indien nie almal voor die Joodse Raad gedaag (Hand 5). Nou is dit Stefanus een van die sewe en ook 'n leier in die gemeenskap van die gelowiges wat voor die Joodse Raad gedaag word.

Die **dinge** waaroor die hoëpriester Stefanus uitvra, is die valse aanklagte wat teen Stefanus ingebring is. Hierdie valse aanklagte het behels dat hy lasterlike teen Moses en God sou spreek en dat hy lasterlike teen die heilige plek – dit is die tempel – en teen die wet sou spreek. In kort is die aanklag soos volg saamgevat: **Want ons het hom hoor sê: Hierdie Jesus, die Nasaréner, sal hierdie plek afbreek en die sedes wat Moses aan ons oorgelewer het, verander** (Handeling 6:14 AFR53).

1.3 Handeling 7:2-16 – Stefanus se verkondiging aangaande God

2 En hy sê: Broeders en vaders, luister! Die God van die heerlijkheid het verskyn aan ons vader Abraham toe hy in Mesopotámië was, voordat hy in Haran gewoon het, 3 en vir hom gesê: Trek uit jou land en uit jou familie, en kom na die land wat Ek jou sal wys. 4 Toe het hy getrek uit die land van die Chaldéërs en in Haran gaan woon; en ná die dood van sy vader het Hy hom

daarvandaan laat verhuis na hierdie land waarin julle nou woon. 5 En Hy het hom geen erfdeel daarin gegee nie, selfs nie 'n voetbreed nie, maar Hy het belowe om dit aan hom en sy nageslag ná hom as eiendom te gee, toe hy nog geen kind gehad het nie. 6 En God het aan hom dít gesê, dat sy nageslag bywoners in 'n vreemde land sou wees en die mense hulle tot slawe sou maak en mishandel, vier honderd jaar lank. 7 En die nasie aan wie hulle diensbaar sal wees, sal Ek oordeel, het God gesê; en daarna sal hulle uittrek en My in hierdie plek dien. 8 En Hy het hom die verbond van die besnydenis gegee, en so het hy die vader van Isak geword en hom op die agtste dag besny; en Isak het die vader van Jakob geword, en Jakob van die twaalf aartsvaders. 9 En die aartsvaders was jaloers op Josef en het hom verkoop na Egipte toe; maar God was met hom 10 en het hom uit al sy verdrukkinge verlos en hom guns en wysheid geskenk voor Farao, die koning van Egipte; en dié het hom goewerneur gemaak oor Egipte en oor sy hele huis. 11 En 'n hongersnood en groot benoudheid het oor die hele Egipteland en Kanaän gekom, en ons vaders kon geen voedsel kry nie. 12 En toe Jakob hoor dat daar koring in Egipte was, het hy ons vaders die eerste keer uitgestuur. 13 En die tweede keer is Josef deur sy broers herken, en die afkoms van Josef het aan Farao bekend geword. 14 Toe het Josef gestuur en sy vader Jakob laat roep en sy hele familie, vyf en sewentig siele. 15 En Jakob het afgetrek na Egipte en daar gesterwe, hy en ons vaders. 16 En hulle is oorgebring na Sigem en weggelê in die graf wat Abraham vir 'n som geld gekoop het van die seuns van Hemor, die vader van Sigem.

1.3.1 Vrae by Handeling 7:2-16

1. Wat is opmerklik aan die wyse waarop Stefanus die Joodse Raad aanspreek? (vers 2)
2. Wat is Stefanus se siening van God? (vers 2)
3. Wat beklemtoon Stefanus aangaande die plek waar God aan Abraham verskyn het? (vers 2)

Alhoewel Stefanus met geweld gegryp is en voor die Joodse Raad gebring is op grond van valse aanklagte, het Stefanus steeds met eerbied gepraat wanneer hy die

Joodse Raad aanspreek. So het Petrus en Johannes ook die Joodse Raad met eerbied aangespreek (Hand 4:8). Stefanus erken steeds die gesag wat God aan hierdie manne voor wie hy verskyn, verleen.

Stefanus spreek hulle aan as **broeders en vaders**. Die mense voor wie Stefanus verskyn, is sy broeders aangesien hulle net soos hy Jode is. Hy spreek hulle aan as vaders aangesien hulle leiers van die volk is. Deur hulle so aan te spreek, wys hy daarop dat hulle inderwaarheid gelyk staan – hulle is broeders – en tegelykertyd maak hy aanspraak op hulle insig, aangesien hulle leiers is.

In teenstelling met die aanklag dat hy God sou gelaster het, spreek Stefanus van **die God van heerlikheid**. Met hierdie Naam van God maak Stefanus sy hoë agting vir God duidelik. Hierdie Naam van God herinner aan die woorde in Psalm 29: **Gee aan die HERE die eer van sy Naam; aanbid die HERE in heilige sieraad! Die stem van die HERE is op die waters, die God van eer donder; die HERE is op die groot waters. Die stem van die HERE is met krag; die stem van die HERE is met heerlikheid** (Psalm 29:2-4 AFR53).

God het sy heerlikheid geopenbaar toe Hy met koninklike majesteit tot hulle vader Abraham gespreek het. Stefanus het geen vernederende gedagte aangaande God nie. Hy sluit sy verkondiging ook af met 'n verwysing na die heerlikheid van God (Hand 7:48-50).

Oor die plek waar God aan Abraham verskyn het, beklemtoon Stefanus dit was **toe hy nog in Mesopotamië was, voordat hy in Haran gewoon het**. In aansluiting by die slot van Stefanus se verkondiging (Hand 7:48-50) is dit dus duidelik dat God nie die tempel of die beloofde land nodig het om Homself in sy heerlikheid te openbaar nie. Dit is waarskynlik op grond van hierdie perspektief wat Stefanus van God het dat hy valslik aangekla is.

Dwarsdeur die hele eerste gedeelte (Hand 7:2-16) is dit duidelik dat God nie aan een plek gebind is nie. Hy verskyn in Mesopotamië aan Abraham, Hy laat hom trek uit Haran, Hy bring vir Abraham in die beloofde land en Hy was saam met Josef in

Egipte. God is dus nie gebind aan een plek nie, maar Hy woon by sy mense waar hulle hulleself ook al bevind.

4. Wat word duidelik uit Abraham se gehoorsaamheid aan die Here? (vers 3, 4)
5. Wat word duidelik uit God se optrede teenoor Abraham? (vers 4)
6. Watter kontras maak Stefanus oor die belofte van God en die werklikheid van Abraham? (vers 5)

Stefanus haal die woorde van die Here aan uit Genesis 12:1 toe die Here aan Abraham gesê het om te trek. In Stefanus se vertel van die geskiedenis word dit egter duidelik dat Abraham – die vader van die Jode – die Here **aanvanklik nie voluit gehoorsaam het nie**. Abraham het wel uit Ur vertrek, maar nog nie uit sy geboorteland nie. Abraham het net tot by Haran getrek en daar gaan woon. Abraham het ook nie heeltemal uit sy familie uitgetrek nie, want sy vader het met hom saamgetrek na Haran toe waar hy gesterf het.

Om die Here voluit en gelowig te gehoorsaam, is nie vir die mens so maklik nie. Selfs nie eers Abraham het dit die eerste keer voluit reggekry nie. Maar Abraham het gegroei en die Here het aan hom die tyd gegun om te groei. Die Here het nie sy **opdrag aan Abraham laat vaar** toe Abraham nie die eerste keer voluit gedoen het wat Hy gesê het nie. Die Here het geduldig en genadig Abraham voorberei en gereed gemaak om Hom gelowig te volg.

Stefanus noem vervolgens eerste die feit dat Abraham **geen erfdeel ontvang** het in die land waarheen die Here hom gebring het nie. Uit die geskiedenis is dit wel bekend dat Abraham die Magpela grot as begraafplek besit het, maar dit het hy vir 'n prys van die Hetiete gekoop. Hy het dit nie geërf nie. Daarteenoor noem Stefanus dat die **vervulling van God se belofte** oor die besit van die land in die toekoms lê. Die Here het belowe om die land aan Abraham en sy nageslag te gee as eiendom. Abraham sou besit hê van die land – nie persoonlik nie – maar in die nageslag na hom. En tog het Abraham nog geen kind gehad toe God hierdie belofte aan hom gemaak het nie.

Met hierdie kontras wys Stefanus die Joodse Raad daarop dat Abraham die Here gelowige gevolg het – nie oor wat die Here hom laat sien het nie, maar oor die belofte van die Here self. Die Jode en in besonder die Joodse Raad het in hierdie stadium die seëninge wat die Here aan hulle gegee het – die tempel en die land – verafgood. Hulle het aan die sigbare seëninge van die Here verknog geraak in plaas daarvan om die Here gelowig te bly volg op grond van sy belofte.

7. Wat maak Stefanus verder bekend aangaande sy siening van God? (vers 6-8)

Stefanus gaan voort met 'n kort beskrywing van die openbaringsgeskiedenis. In die afsluitende deel oor Abraham wys Stefanus die Joodse Raad op die **soewereiniteit en trou van God**. Die Here het belowe om die beloofde land aan Abraham en sy nageslag te gee in 'n stadium toe Abraham nog nie eers 'n kind gehad het nie.

Wanneer die Here 'n belofte maak, sien Hy self toe dat daardie belofte verwesenlik word. God het self gesê dat die nageslag van Abraham bywoners in 'n vreemde land sal wees. Die mense van daardie vreemde land sal sy nageslag slawe maak en hulle mishandel. Maar omdat God die belofte aangaande die land aan Abraham gemaak het en Hy dit verseker verwesenlik, sal Hy ook die vreemde volk oordeel en die nageslag van Abraham laat uittrek om die Here in die beloofde land te kom dien. Hiermee laat Stefanus die Joodse Raad hoor dat hy steeds glo in God se soewereiniteit. Niks sal die Here stuit in die uitvoering van die belofte nie, want Hy beskik self die lewensweg van sy mense.

Binne die konteks waarin Stefanus en die ander volgelinge van Jesus verkeer – hulle word gevange geneem en mishandel deur die Joodse Raad – moet die Joodse Raad kennisneem wat het die Here in die geskiedenis met sy mense gedoen. Hy was met hulle en het hulle beskerm en uiteindelik bevry uit die slawerny van Egipte. Sonder om dit reguit te sê impliseer Stefanus dat die Joodse Raad mooi moet dink oor wat hulle met die volgelinge van Jesus gaan doen. Jesus se volgelinge staan onder sy bevel en beskerming en Hy is die Seun van God.

En om die Joodse Raad weereens te laat beseft dat die Here getrou bly aan sy belofte herinner hy hulle aan die besnydenis as verbondsteken wat die Here aan Abraham gegee het. Die besnydenis was vir die Jode dié teken van God se trou aan hulle. Ter volledigheid wys Stefanus op die trou van die Here teenoor Abraham in verband met die nageslag van Abraham. Abraham het die vader geword van Isak, Isak het die vader geword van Jakob en Jakob was die vader van die twaalf aartsvaders. Die Here se woord en belofte aangaande die volgelinge van Jesus sal dus ook bewaarheid word, want God bly getrou aan sy woord.

8. Wat beklemtoon Stefanus van die verhouding tussen Josef en sy broers? (vers 9)
9. Wat verkondig Stefanus in verband met God in die lewe van Josef? (vers 9 en 10)

Stefanus het in sy verkondiging aan die Joodse Raad Jesus se Naam net een keer genoem toe hy na Hom as die Regverdige verwys wat deur die Joodse Raad doodgemaak is (Hand 7:52). Maar in sy verkondiging het hy verwysings gemaak na gebeure wat betrekking het op Jesus en wat met Hom gebeur het.

Stefanus laat die lig in sy verkondiging van die openbaringsgeskiedenis val op die **jaloesie** van Josef se broers teenoor hom en dat hulle hom uiteindelik as 'n slaaf **verkoop** het. Die Jode het Jesus as een van hulle gereken. Hulle het Hom herken as die Seun van Josef en Maria. In hulle oë was Hy net 'n mens uit die volk Israel. Tog het sy eie mense Hom verag. Uiteindelik het een van sy dissipels Hom verkoop vir die prys van 'n slaaf.

Alhoewel Josef se broers jaloers was op hom en hom verkoop het, was God met Josef in Egipte. Weereens wys Stefanus daarop dat **God nie gebind is aan 'n plek nie**, maar aan die mense wat aan Hom behoort. Josef het die teenwoordigheid van God beleef nie in die tempel of in die beloofde land nie, maar in Egipte.

Verder verkondig Stefanus ook die **trou van God** in verband met Josef. Kragtens die verbond was God die God vir Josef in Egipte. God het Josef uit al sy

benoudhede gered en aan hom guns en wysheid geskenk, sodat hy uiteindelik goewerneur gemaak is deur die farao in Egipte.

Alhoewel Jesus deur die volk verwerp is, is Hy deur God verhoog tot Here en Christus oor alle mense. Binne die konteks van wat die Joodse Raad met die volgelinge van Jesus beoog, moet die Joodse Raad ook kennisneem dat Jesus diegene wat aan Hom behoort ook sal red uit die verdrukking en hulle verhoog. Hulle is immers die uitverkore volk van God.

10. Wat verkondig Stefanus aangaande God se trou teenoor die broers van Josef? (vers 11 en 12)
11. Wat verkondig Stefanus aangaande God se trou teenoor die hele familie van Jakob? (vers 13 en 14)

Alhoewel Josef se broers 'n misdaad teenoor hulle broer gepleeg het, is die Here hulle genadig. **Kragtens sy verbond neem Hy nie sy troue sorg** van die broers af weg nie. Inteendeel, die Here beskik die hongersnood en groot benoudheid oor die hele Egipteland en Kanaän, sodat Hy sy trou steeds aan Jakob en sy nageslag kan betoon. God wil die Redder en die Verlosser van sy mens wees. En Hy wil sy mense red deur die een wat Hy daartoe verkies het – Josef.

Kragtens die verbond van die Here wat steeds geld in die dae van Stefanus wil die Here steeds sy trou aan die Israeliete betoon. Die misdaad wat die Joodse Raad teenoor Jesus gepleeg het, roep inderdaad om straf, maar die Here het nog nie sy troue genade van hulle onttrek nie. Watter benoudheid sal die Here nog moet beskik voordat die Jode sal beseef dat God hulle ook wil red deur die Een wat Hy gekies het – Jesus?

By die tweede geleentheid wat Jakob se seuns kos gaan koop het in Egipte het Josef homself bekend gemaak aan sy broers. Daarop het Josef sy pa en die hele familie laat haal om veilig in Egipte by hom te wees, aangesien die hongersnood vir nog vyf jaar sou duur. Die Here **hou sy trou vol** met Josef se broers en selfs na die

bekendmaking van Josef toon die Here dat Hy regtig sy mense wil red en dit dan ook doen.

Die Jode sal Jesus herken as die Verlosser wat deur God gestuur is. En selfs as Hy Homself aan hulle bekend maak en hulle Hom herken, sal dit wees om hulle te red en nie te verdelg nie.

12. Wat verkondig Stefanus aangaande God se trou met betrekking tot die dood en begrafnis van die aartsvaders? (vers 15 en 16)

Jakob het veilig gesterf onder die regering van Josef. So het ook die seuns van Jakob gesterf en hulle is almal in die beloofde land begrawe. God het **sy trou volgehou** teenoor Jakob en sy hele nageslag. Hy het hulle gered en veilig onder die heerskappy van Josef gebring waar hulle gesterf het. Hy het hulle getrou bewaar op hulle weg uit die beloofde land uit na Egipte toe en Hy het hulle weer na die beloofde teruggebring waar hulle begrawe is.

God se wil ten opsigte van die Jode is dat hulle ook uiteindelik onder die heerskappy van Jesus sal sterf om ewig by Hom rus te vind.

1.4 Handeling 7:17-43 – Stefanus se verkondiging aangaande Moses en die wet

17 En namate die tyd van die belofte wat God aan Abraham met 'n eed beloof het, nader kom, het die volk toegeneem en vermeerder in Egipte, **18** totdat daar 'n ander koning opgestaan het wat nie vir Josef geken het nie. **19** Hy het listig met ons geslag te werk gegaan en ons vaders mishandel deur hulle te verplig om hul kindertjies weg te gooi, sodat hulle nie in die lewe behou kon word nie. **20** In dié tyd is Moses gebore, en hy was wonderlik mooi. Drie maande lank is hy in die huis van sy vader versorg; **21** en toe hy weggegooi is, het Faraó se dogter hom opgeneem en hom as haar seun grootgemaak. **22** En Moses is opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en was magtig in woorde en dade.

23 En nadat hy die ouderdom van veertig jaar bereik het, het dit in sy hart opgekom om sy broers, die kinders van Israel, te besoek; 24 en toe hy sien dat iemand onreg aangedoen word, het hy hom verdedig en die man wat mishandel was, gewreek deur die Egiptenaar te verslaan. 25 En hy het gedink dat sy broers sou verstaan dat God hulle deur sy hand redding sou gee; maar hulle het dit nie verstaan nie. 26 En die volgende dag het hy by hulle verskyn terwyl hulle besig was om te veg, en hy het by hulle aangedring om vrede te maak en gesê: Manne, julle is broers; waarom doen julle mekaar onreg aan? 27 Maar hy wat sy naaste onreg aangedoen het, het hom afgestoot en gesê: Wie het jou as 'n owerste en regter oor ons aangestel? 28 Jy wil my tog nie doodmaak soos jy gister die Egiptenaar doodgemaak het nie? 29 En Moses het op hierdie woord gevlug en 'n bywoner geword in die land Mídián, waar hy die vader van twee seuns geword het.

30 En toe veertig jaar verby was, het 'n Engel van die Here aan hom verskyn in die woestyn van die berg Sinai, in die vuurvlam van 'n doringbos. 31 En Moses het dit gesien en hom oor die gesig verwonder; en toe hy daarheen gaan om dit te besien, het die stem van die Here tot hom gekom: 32 Ek is die God van jou vaders, die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob. En Moses het begin bewe en nie gewaag om dit te bekyk nie. 33 Toe sê die Here vir hom: Trek die skoene van jou voete af, want die plek waarop jy staan, is heilige grond. 34 Ek het duidelik gesien die mishandeling van my volk wat in Egipte is, en hulle gesug gehoor en neergedaal om hulle te verlos. En nou, kom hier, Ek wil jou na Egipte stuur. 35 Hierdie Moses wat hulle verloën het deur te sê: Wie het jou aangestel as 'n owerste en regter? – hom het God as owerste en verlosser gestuur deur die hand van die Engel wat aan hom verskyn het in die doringbos. 36 Hy het hulle uitgelei en wonders en tekens in Egipteland en in die Rooi See en die woestyn gedoen, veertig jaar lank. 37 Dit is dié Moses wat aan die kinders van Israel gesê het: Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broers net soos ek is; na Hom moet julle luister. 38 Dit is hy wat in die vergadering in die woestyn was saam met die Engel wat met hom op die berg Sinai gespreek het, en saam met ons vaders; hy het die lewende woorde ontvang om aan ons te gee. 39 Na hom wou ons vaders nie luister nie, maar hulle het hom verstoot en met hulle harte na Egipte teruggekeer 40 toe hulle vir Aäron gesê het: Maak vir ons gode wat voor ons

uit sal trek; want hierdie Moses wat ons uit Egipteland uitgelei het, ons weet nie wat van hom geword het nie. 41 En hulle het in daardie dae 'n kalf gemaak en aan die afgodsbeeld 'n offer gebring en hulle in die werke van hulle hande verbly. 42 Maar God het Hom afgewend en hulle oorgegee om die leër van die hemel te dien, soos geskrywe is in die boek van die profete: Julle het tog nie aan My slagoffers en offers gebring gedurende veertig jaar in die woestyn nie, o huis van Israel? 43 Ja, julle het die tent van Molog opgeneem en die ster van julle god Remfan, die beelde wat julle gemaak het om hulle te aanbid. En Ek sal julle anderkant Babilon wegvoer.

1.4.1 Vrae by Handeling 7:17-43

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Wat beklemtoon Stefanus aangaande God wanneer hy van Moses se geskiedenis begin vertel? (vers 17-18)2. Wat maak Stefanus aangaande God bekend in die vroeë dae van Moses se lewe? (vers 19-22) |
|--|

In sy verkondiging aan die Joodse Raad is Stefanus op pad na dit wat met Jesus gebeur het onder die hande van die Jode. Stefanus het Jesus se Naam nie direk genoem nie, maar wel aan die einde van die verkondiging na Hom verwys as die Regverdige (Hand 7:52). Maar in sy verkondiging maak hy indirekte verwysings na Jesus uit die lewe van Moses, soos wat dit ook duidelik geword het uit die lewe van Josef.

Stefanus is daarvan beskuldig dat hy lasterlik teenoor God en Moses gepraat het. In sy verkondiging van die geskiedenis tot voor Moses het Stefanus getoon dat sy verkondiging aangaande God suiwer is ooreenkomstig God se openbaring. Wanneer Stefanus oor die geskiedenis van Moses verder verkondig, hou hy ook by die openbaring soos wat God dit gegee het.

Uit Stefanus se verkondiging word dit duidelik dat **God sy beloftes hou**. God het aan Abraham gesê dat sy nageslag vir vier honderd jaar as slawe mishandel sal

word deur 'n vreemde volk. Maar Hy sal daardie vreemde volk oordeel en dan sal die nageslag van Abraham uittrek om die Here in die beloofde land te dien.

In die bestiering van die tyd na die vervulling van die belofte toe, vervul die Here ook 'n ander belofte wat Hy aan Abraham gemaak het. Die Here het die nageslag van Abraham so vermeerder dat hulle te veel is om te tel. Met hierdie beklemtoning dat die Here sy beloftes hou, berei Stefanus die Joodse Raad voor om ook te hoor dat God die belofte aangaande die Messias waar gemaak het.

Te midde van die chaos wat geheers het toe die farao beveel het dat die Israeliete se seuntjies doodgemaak moet word, het **die Here** deur middel van sy ouers vir Moses **beskerm en in die lewe gehou**. Die Here het ook deur middel van die Egiptenaars vir Moses behoue laat bly en hom toegerus vir die sy latere taak om Israel uit Egipte uit te lei.

In hierdie verkondiging aangaande Moses belig Stefanus by implikasie ook iets aangaande Jesus se lewe. Soos wat God vir Moses beskerm het deur sy ouers en die Egiptenaars, so het Hy ook vir Jesus deur sy ouers en Egipte beskerm sodat Hy nie deur Herodes doodgemaak is nie. Moses het magtig geword in woorde en daede, aangesien hy later deur God ook as profeet gebruik sou word. Hiermee word die opbou na die belofte van God deur Moses in verband met die Profeet wat sal kom reeds gedoen.

3. Wat maak Stefanus aangaande God bekend wanneer Moses die Israeliete van hulp wil wees? (vers 23-29)
4. Watter ooreenkoms is daar tussen wat met Moses gebeur het en wat met Jesus gebeur het? (vers 25)

God het dit beskik dat Moses vir veertig jaar toegerus word deur die Egiptenaars sodat hy kragtig in woorde en daede kon word. Na hierdie tydperk het dit in Moses se hart opgekom om sy broers te besoek. Dit is op **ingewing van God** dat Moses sy broers besoek het. Die Here regeer soewerein in Moses se lewe sodat Moses self die ellende van sy volk kan sien.

Dat Moses die Egiptenaar doodgeslaan het omdat hy een van die Israeliete onreg aangedoen het, was egter nie die Here se wil nie. In hierdie opsig het Moses eiehandig opgetree, alhoewel hy goed bedoel het. Hy het gedink dat die Israeliete sou verstaan dat hy hulle wil help. Dat die Egiptenaars doodgeslaan moet word oor die onreg wat hulle Israel aangedoen het, is deel van God se oordeel, soos wat Hy aan Abraham gesê het. Maar dit sal nie op so 'n klein skaal plaasvind en met die krag van mense, soos wat Moses gepoog het om te doen nie. Die oordeel van die Here oor Egipte sal op die groot skerm plaasvind, sodat die hele wêreld weet dat die God van Israel die Here is.

Daarom het die Here dit beskik dat Moses op die bekend wordings van die moord op die Egiptenaar moes vlug. Die tyd van die verlossing het nog nie aangebreek nie. Die Here het egter nie vir Moses onthef van die werk wat Hy vir hom het nie en Hy het hom ook nie alleen gelaat nie. Alhoewel Moses as vreemdeling en bywoner in Midian gaan woon het, was die Here met Moses. Hy het hom geseën met twee seuns.

Stefanus hou in sy verkondigings vol met die suiwer verkondiging van God in sy almag, heiligheid en soewereiniteit. Die valse klag dat Stefanus teen God sou laster kry al meer en meer kraak.

Sonder om Jesus se Naam direk te noem in hierdie stadium maak Stefanus tog onderlinge verwysings na Jesus. Stefanus verhaal die geskiedenis van God met Israel juis om Jesus Christus aan die Joodse Raad te verkondig. Israel het nie begryp dat Moses in diens van God redding vir hulle bring nie. Die volk het ook in die dae van Jesus nie kon verstaan dat Hy werklik die Messias is wat deur God belowe is nie. Hulle kon nie begryp dat daar redding deur 'n Man uit Nasaret sou kom nie. Soos wat die Israeliete dan vir Moses **aanvanklik verwerp het**, so het die volk in die dae van Jesus Hom ook as die Messias en Verlosser verwerp (Joh 1:11).

5. Wat beklemtoon Stefanus aangaande die plek waar die Here aan Moses verskyn het? (vers 30)
--

6. Wat verkondig Stefanus aangaande die heerlijkheid van God? (vers 30-33)

7. Wat verkondig Stefanus aangaande die trou van God? (vers 34)

Soos in die geval van die verskyning en openbaring van God aan Abraham beklemtoon Stefanus in hierdie geval ook dat die Here Homself in sy heerlijkheid aan Moses geopenbaar het. Dit het nie in die heilige land of by die tempel gebeur nie, maar **in die woestyn van die berg Sinai**. Die Here is en was nog nooit afhanklik van 'n plek om Homself aan sy volk te openbaar nie. Die aarde en alles daarop behoort aan Hom.

Die tempel is nie die enigste heilige plek soos wat dit in die aanklaers se valse klagte teen Stefanus beweer word nie (Hand 6:13). Elke plek waar die Here Homself openbaar is heilig. Daarom moes Moses sy skoene uittrek, want die grond waarop hy gestaan het, was heilig (Hand 7:33)

Sonder om na die valse aanklag te verwys dat hy teen God sou laster, gaan Stefanus bloot voort om God te **verkondig soos wat Hy Homself in sy Woord geopenbaar het**. Die vuurvlam van die doringbos is die bekende teken van God se heiligheid en verterende heerlijkheid. Verder verkondig Stefanus wie God regtig is. Hy is die God van die aartsvaders. Moses het tot die besef gekom wie aan hom verskyn en wie met hom praat. Daarom het hy gebewe en nie gewaag om nog verder nuuskierig die vuurvlam te bekyk nie. Die heerlijkheid en heiligheid van God word ook verder beklemtoon in die opdrag wat die Here aan Moses gee om sy skoene uit te trek.

In lyn met die openbaring wat die Here nog aan Abraham gegee het aangaande sy nageslag, sê die Here ook aan Moses dat Hy steeds getrou is aan sy volk. Hy het gesien hoe sy volk mishandel word en Hy het hulle gesug gehoor. Hy het nou neergedaal om sy volk uit Egipte te verlos, **soos wat Hy aan Abraham beloof het**.

Die trou van die Here teenoor sy volk het nog nooit deur die eeue heen vervaag nie. Hy het sy beloftes aan Abraham gehou. Hy was getrou in die beskerming van Josef wat deur sy broers verwerp is. Hy was getrou teenoor sy volk deur vir Moses te

beskerm vir byna tagtig jaar al. Hy bly getrou aan sy volk, want Hy gaan hulle nou verlos. En **Moses** is die instrument wat die Here gekies het om te gebruik. Hiermee het Stefanus ook uitgelig dat hy nie lasterlik aangaande Moses gespreek het nie.

8. Wat beklemtoon Stefanus aangaande Moses wanneer hy van die uittog getuig? (vers 35-36)
9. Wat verkondig Stefanus aangaande die onderrig van Moses? (vers 37)
10. Wat is Stefanus se siening van die wet? (vers 38)

Stefanus maak dit duidelik dat die Here dieselfde Moses wat die Israeliete aanvanklik verwerp het, **stuur as owerste en verlosser van die volk**. Die volk se gevoelens teenoor Moses het nie die Here in die uitvoering van sy wil gestuit of beïnvloed nie. Net omdat die Israeliete gedink het dat Moses nie geskik is om hulle owerste en verlosser te wees nie, het nie Moses onbekwaam gemaak nie. Sy bekwaamheid en geskiktheid vir die werk is van die Here self afkomstig.

Moses het self die bevestiging van die Here se keuse en wil gekry deur die verskyning van die Engel van die Here in die brandende doringbos. Verder het die Here sy keuse van Moses bevestig met die wonders en tekens wat hy gedoen het in Egipte, in die Rooi See en in die woestyn vir veertig jaar lank.

Onderliggend aan hierdie verkondiging aangaande Moses maak Stefanus dit duidelik dat Jesus van Nasaret God se keuse is van 'n Verlosser en Owerste. Die Joodse Raad se verwerping van Jesus gaan God ook nie van sy keuse laat afsien nie. Daarby het God ook sy keuse bevestig deur die wonders en tekens wat Jesus gedoen het en die grootste van hierdie tekens is die opstanding uit die dood.

Stefanus beklemtoon verder dat dieselfde Moses wat deur die Joodse Raad so hoog geëer word, maar wat deur hulle voorvaders verwerp is, het **verkondig dat God 'n Profeet uit hulle broers sal verwek**. Vir die voorvaders het dit beteken dat hulle 'n Profeet van die Here sal kry wat net soos Moses 'n verlosser en 'n owerste is en hulle kry die opdrag dat hulle na hom moet luister. Vir die Joodse Raad en die ander

volksgenote beteken dit dat hulle moet weet dat hierdie Profeet wat die Here deur Moses belowe het, reeds gekom het.

Petrus en die ander apostels het reeds in die verkondiging aan die Jode in die pilaargang van Salomo daarop gewys dat hierdie Profeet wat deur Moses verkondig is, gekom het (Hand 3:22). Dit is Jesus Christus en daar moet na Hom geluister word.

Uit hierdie verkondiging van Stefanus word dit dus duidelik dat hy wat Stefanus is en al die ander volgelinge van Jesus eerder vir Moses hoog ag as wat die Joodse Raad doen. Die volgelinge van Jesus is aan Hom gehoorsaam soos wat Moses vroeg al reeds beveel het. Die voorvaders en die Joodse Raad aan die ander kant gee nie die agting aan Moses wat hulle beweër hulle gee nie, want hulle steur hulle nie aan die profetiese woorde van Moses nie. Hiermee het Stefanus dan die valse klag dat hy lasterlik teenoor Moses sou gepraat het ook die nekslag toegedien.

Aangaande die wet verkondig Stefanus dat Moses **die lewende woorde** van die Engel van die Here ontvang het toe hy in die vergadering met Hom was op die berg Sinai. Hiermee weerlê Stefanus ook die valse klag dat hy en Jesus die wet verwerp of wil verander. Inteendeel, Stefanus maak bekend dat die wet nie 'n klomp kille reëls is nie, maar dit is die lewende woorde van die Here self. Daarmee bedoel Stefanus dat die begrip van hierdie woorde baie dieper is as wat die Joodse Raad van mening is (vgl. Matt 5:21 e.v.). En aangesien dit die lewende woorde van die Here is, is dit woorde wat 'n mens se lewe totaal moet verander. Dit is die Jode se eng begrip van die wet wat veroorsaak dat hulle dink Jesus het gekom om die wet te verander.

Deur Moses se ontvangs van die wet te noem na die profesie van Moses aangaande die komende Profeet beklemtoon Stefanus dat Moses se woorde betroubaar was – die wet sowel as die profesie van die Profeet. Moses was in 'n intieme verhouding met die Here. Hy het in die vergadering met die Engel van die Here op die berg Sinai die wet ontvang. Daarom staan die profesie aangaande die Profeet net so vas as wat die openbaring en geldigheid van die wet vasstaan.

Hierin kom daar nogeens 'n vergelyking tussen Moses en Jesus. Moses het die openbaring van die Here ontvang en dit aan die volk bekend gemaak. Jesus het God aan die volk kom verkondig. Hy self is die duidelikste en volledige openbaring van God self.

11. Wat was Israel se reaksie op Moses se leierskap en onderrig? (vers 39-41)
12. Wat was God se antwoord op hierdie verwerping van sy woord? (vers 42-43)

Israel het die leierskap en onderrig van Moses **verwerp**. Hulle het nie na Moses geluister nie en in hulle hart hulle na Egipte en hulle vorige slawerny teruggekeer. Die Joodse Raad maak daarop aanspraak dat Moses en die wet belangrik is. Hulle beskuldig Stefanus daarvan dat hy lasterlik teen Moses en die wet gespreek het. Maar tans is die Jode wat Stefanus aankla sowel as die Joodse Raad besig om in dieselfde spore as hulle voorvaders te volg. Hulle luister ook nie na Moses wanneer hy van die Profeet wat God sal gee verkondig nie.

In wese verwerp die Jode en die Joodse Raad ook vir Moses deur nie na hom te luister nie. En in hulle hart keer hulle terug na die slawerny onder die wet, soos wat Paulus dit later in die brief aan die Galasiërs duidelik sou maak (vgl. Gal 3:23 e.v.).

Boonop het die Israeliete van ouds ook die lewende woord van die Here wat Moses van die Engel ontvang het **verlaat** om vir hulle 'n goue kalf te maak en hulle het hulle in die werke van hulle verbly. Ook ten opsigte van hierdie mistasting van die voorvaders loop die Jode en die Joodse Raad in dieselfde voetspore. Die tempel het in die lewe van die Jode 'n belangriker plek ingeneem as wat die lewende God en sy Woord in hulle lewe 'n plek het. Hiermee begin Stefanus dan in sy verkondiging 'n oorgang maak na die volgende valse klag teen hom, naamlik dat hy lasterlik teen die heilige plek sou gespreek het.

Israel se aanhoudende verwerping van die owerste en verlosser wat Hy aan hulle in Moses voorsien het, het daartoe gelei dat God Homself **van hulle afgewend** het. Omdat Israel van ouds nie na die Here wou luister soos wat Hy Hom deur Moses geopenbaar het nie, het Hy **hulle oorgegee** om die leer van die hemel te dien –

hulle eie uitgedinkte gode. Om hierdie punt van hom te staaf haal Stefanus Amos 5:25-27 se woorde aan.

In die lig daarvan dat Stefanus 'n getuie van Jesus Christus is, impliseer hy dat die Jode en die Joodse Raad tans dieselfde gevaar loop. Hulle hou aan om die Verlosser wat God gestuur het sowel as die openbaring van God deur Jesus te verwerp. Wanneer hulle so aanhou sal die onafwendbare ook in hulle tyd gebeur. God sal Hom van hulle afwend en waaraan sal Hy hulle dan oorgee?

1.5 Handeling 7:44-50 – Stefanus se verkondiging aangaande die tempel

44 Die tent van die Getuienis was onder ons vaders in die woestyn, soos Hy wat met Moses gespreek het, hom bevel gegee het om dit te maak volgens die afbeelding wat hy gesien het. 45 En ons vaders het dit ontvang en met Josua ingebring in die besitting van die nasies wat God voor ons vaders uitgedryf het, tot op die dae van Dawid 46 wat genade gevind het voor God en gevra het om 'n woonplek vir die God van Jakob te verkry. 47 En Salomo het 'n huis vir Hom gebou. 48 Maar die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profeet sê: 49 Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Watter soort huis sal julle vir My bou, sê die Here, of hoedanig is die plek van my rus? 50 Het my hand nie al hierdie dinge gemaak nie?

1.5.1 Vrae by Handeling 7:44-50

1. Wat verkondig Stefanus aangaande God se wil met betrekking tot 'n plek van ontmoeting met die volk? (vers 44)
2. Wat kan 'n mens aflei uit die beweeglikheid van die tent van Getuienis? (vers 45)
3. Was dit God se wil om 'n tempel te hê? (vers 46-47)
4. Wat kan ons aflei van Stefanus se siening van die tempel? (vers 48-50)

Die Here het aan Moses die afbeelding gewys van die tabernakel waarin die die verbondsark met die Getuienis daarin moes wees sowel as al die ander gereedskap vir die besondere diens aan die Here deur die volk. Met die tent van die Getuienis en die oprigting daarvan, gee die Here aan sy volk 'n **sigbare teken dat Hy in hulle**

midde wil wees. Die tabernakel is dan ook op bevel van God gebou. Waar sy volk is daar wil die Here hulle ontmoet. Die sigbaarheid van die tabernakel elke dag in hulle midde is ook die bewys dat die Here nie tot 'n sekere tyd beperk is nie.

Die Here is allermens ook **tot 'n sekere plek beperk.** Die tent van Getuienis is deur Josua in die beloofde land ingebring. Waar die Here sy volk ook al heen lei, daar is Hy self in sy heerlijkheid en met sy lewende woorde – die Getuienis – by hulle teenwoordig.

Die Here het nie bevel gegee dat daar vir Hom 'n tempel in Jerusalem gebou moet word nie. **Dit was Dawid se begeerte om 'n woonplek vir God te verkry.** Die Here het Dawid egter nie toegelaat om die tempel te bou nie. Salomo het uiteindelik die tempel gebou.

Met die aanhaling van Jesaja 66:1-2 verkondig Stefanus dat **sy siening oor die tempel in ooreenstemming is met God se eie woorde.** Trouens, dit was ook die uitspraak van Salomo self nadat die tempel gebou is. Stefanus het dus nie 'n verkeerde siening oor die tempel gehad nie. Dit is en was die plek waar die Here in besonder gedien is, maar dit is nie die enigste plek op die aarde waar die Here Homself openbaar of waar Hy gedien moet word nie. Die Jode en die Joodse Raad het egter van die tempel iets gemaak wat dit nie moet wees nie – 'n afgod.

1.6 Handeling 7:51-53 – Stefanus se toepassing van die verkondiging

51 Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle. **52** Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Ja, hulle het dié gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het; **53** julle wat die wet deur die beskikkinge van engele ontvang het en tog nie onderhou het nie!

1.6.1 Vrae by Handeling 7:51-53

- | |
|--|
| 1. Is hierdie laaste woorde van Stefanus 'n uitbarsting van frustrasie of 'n toepassing van die verkondiging? (vers 51-53) |
|--|

2. Wat bedoel Stefanus met die woorde *hardnekkiges* en *onbesnedenes van hart en ore*? (vers 51)
3. Op grond waarvan kon Stefanus die Joodse Raad beskuldig dat hulle die Heilige Gees weerstaan soos hulle vaders? (vers 51)

Wanneer 'n mens hierdie hoofstuk oppervlakkig lees, lyk die laaste woorde van Stefanus soos 'n uitbarsting van frustrasie. Die een oomblik verkondig hy nog heel rustig en kalm die openbaringsgeskiedenis van God met Israel. Die volgende oomblik – oënskynlik sonder enige waarskuwing – volg hierdie skerp en op die man af beskuldiging.

Lees 'n mens egter die verkondiging van Stefanus en hou die heelyd die valse beskuldigings wat hulle teen hom ingebring het in gedagte sowel as die feit dat hy 'n getuie van Jesus Christus is, raak dit al moeiliker om hierdie laaste woorde as 'n uitbarsting van frustrasie af te maak. In hierdie laaste woorde **pas Stefanus sy verkondiging direk toe op sy hoorders**.

Stefanus het deur middel van die verkondiging aangetoon dat die beskuldiging teen hom uit en uit vals is. Wanneer hy van God getuig, getuig hy die waarheid soos wat dit deur die Here self openbaar is. Wanneer hy aangaande Moses verkondig, wys hy uit wat God van Moses gemaak het en toon terselfdertyd ook aan dat die voorvaders Moses verwerp het, soos wat die aartsvaders aanvanklik ook met Josef gedoen het. Wanneer hy aangaande die wet getuig, laat hy dit blyk dat die wet inderdaad die lewende woorde van God is wat die lewens van mense verander. Die wet is nie die strakke reëls wat die Jode daarvan gemaak het nie. En rakende die tempel as 'n heilige plek het Stefanus dwarsdeur sy verkondiging aangetoon dat God nie gebind is tot een plek nie, maar Hy verbind Homself aan sy mense om by hulle teenwoordig te wees waar hulle ook al mag wees.

Die Heilige Gees openbaar egter nie aan ons wat in die Joodse Raad gebeur het tydens Stefanus se verkondiging nie. Dit is eers van vers 54 af wat Hy die finale reaksie van die Joodse Raad aan ons openbaar. Dit kon gebeur het – soos in die geval toe Jesus aan die Jode verkondig het dat Hy die eintlike brood uit die hemel is

wat sy Vader aan hulle gee – dat die Joodse Raad ook soos daardie skare metterdaad agtergekom het waarop die verkondiging afstuur en reeds tydens die verkondiging onderling begin mor het. Die Heilige Gees het met die skerp Woord van die Here al dieper en dieper in die harte van die Joodse Raad ingesny, maar hulle het hulleself al meer en meer verset teen dit wat die Heilige Gees aan hulle blootlê.

Gelei deur die Heilige Gees – want Lukas het nou al hoeveel keer daarop gewys dat Stefanus vol van die Heilige Gees was – het Stefanus eerlik en reguit die Woord van God direk toegepas op die lewe van die Joodse Raad. Dit is egter nie die eerste keer wat hulle hierdie toepassing hoor nie. Petrus het dit twee keer tevore ook al gedoen – vergelyk Handeling 4:8-12 en 5:29-32.

Met die woorde **hardnekkiges** en **onbesnedenes van hart en ore** sluit Stefanus weer aan by die openbaring in die Ou Testament toe die Here aan Moses 'n beoordeling van die Jode gegee het. In die tyd toe Israel hulle teen God verset het en die goue kalf gemaak en dit aanbid het, het Moses hulle as hardnekkigs beskryf (Eks 33:5; Deut 9:13). Met hardnekkig word ook bedoel dat hulle eiewillig is.

Alhoewel die Joodse Raad die fisiese besnydenis aan hulle liggame ontvang het – waarop hulle natuurlik ook geroem het – was hulle harte en ore onbesnede omdat hulle nie op die Woord van die Here reageer nie. Hulle weerstaan die werking van die Heilige Gees in hulle lewe in plaas daarvan dat die Heilige Gees hulle lewe indring en beheer.

Die Jode het die Heilige Gees in die verlede weerstaan **deur die gestuurdes van God – Josef en Moses – te verwerp**. Hulle het dit in die onlangse verlede gedoen deur die Gesalfde van God ook te verwerp. Tans is hulle besig om dit te doen, want Stefanus is vol van die Heilige Gees wanneer hy hierdie evangelie aan hulle verkondig.

4. Op grond waarvan kon Stefanus die vraag vra wat hy in vers 52 vra?

5. Waarom noem Stefanus Jesus die Regverdige? (vers 52)

Israel se vervolging van en verset teen die profete **is alom bekend** (2 Kron 36:15-16; Neh 9:26; Jer 2:30). Hulle het egter nie net die profete vervolg of hulle weerstaan nie, hulle het selfs sover gegaan en die profete wat die koms van die Regverdige aangekondig het, doodgemaak. Jesus het in die Bergpredikasie ook melding gemaak van Israel se verset teen die profete (Matt 5:12). In ooreenstemming met hulle voorvaders en in navolging van hulle het die Joodse Raad ook vir Jesus die Regverdige verraai en vermoor.

Petrus het al in die verkondiging aan die Jode in die pilaargang van Salomo vir Jesus die **Regverdige** genoem (Hand 3:14). Stefanus se verkondig staan vas op die openbaring van die Ou Testament. God het self sy lydende Kneg die Regverdige genoem (Jes 53:11). Regverdige is ook die Naam waarmee God self in die Ou Testament openbaar word (Job 34:17). Wanneer Stefanus Jesus dan die Regverdige noem, beklemtoon hy dat Jesus nie maar net 'n gewone profeet was soos al die ander wat deur die Jode doodgemaak is nie. Jesus is werklik die Kneg van die Here en in sy wese is Hy self ook God – Hy het dieselfde Naam as God – die Regverdige.

6. Wat was die laaste klagte wat teen die Raad gehou is? (vers 53)
--

As daar een ding was waarop die Joodse Raad geroem het, was dit die feit dat hulle die wet tot op die letter gehoorsaam het. Wanneer Paulus later oor sy voor Christelike lewe skryf (Fil 3:6) is die onberispelike onderhouding van die wet een van die dinge wat vir hom as Fariseër van groot belang was. Nou maak Stefanus egter melding daarvan dat hulle wat die wet en die besit van die wet so hoog op prys stel tog **nie eers die wet onderhou nie**.

Vir elke Fariseër en skrifgeleerde sou dit een van die grootste beledigs wees wat gemaak kon word. Hierdie klag blyk dan ook een van die laaste druppels te gewees het wat gemaak het dat die Joodse Raad se beker van woede oorgekook het.

2. Handlinge 7:54-60 – Die moord op Stefanus

54 En toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hul harte en het teen hom op die tande gekners. 55 Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God. 56 En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan. 57 Maar hulle het met 'n groot stem geskreeu en hulle ore toegestop en soos een man op hom aangestorm. 58 En hulle het hom buitekant die stad uitgewerp en hom gestenig; en die getuies het hulle klere neergelê by die voete van 'n jongman met die naam van Saulus. 59 En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy die Here aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees! 60 En hy het op sy knieë neergeval en met 'n groot stem uitgeroep: Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie! En met dié woorde het hy ontslaap.

2.1 Vrae by Handeling 7:54-60

1. Hoekom het die Joodse Raad gereageer soos wat hulle gedoen het? (vers 54)
--

Dit is opmerklik dat Lukas hier sê wat in die harte van die Joodse Raad gebeur het net soos wat hy in Handeling 2:37 opgemerk het wat in die harte van daardie mense gebeur het wat Petrus se verkondiging op Pinksterdag gehoor het. Die hoorders van Pinksterdag was diep in die hart getref oor wat hulle gehoor het. Die Joodse Raad het in hulle harte woedend geword.

Aan die hoorders op Pinksterdag het die Heilige Gees die oortuiging gegee dat hulle voor hierdie gesagvolle Woord van die Here moet buig. Die Heilige Gees het nie aan die Joodse Raad hierdie oortuiging gegee nie. Met die gevolg Hy het hulle oorgelaat om ooreenkomstig hulle eie sondige harte op te tree. Stefanus se verkondiging het hulle in hulle harte geïrriteer, want dwars deur die verkondiging word daar gepraat van die verwerping van die diensknegte wat God stuur.

Nou het Stefanus ook nog die Joodse Raad se optrede teenoor Jesus bestempel as 'n verwerping van God deur hulle en dat hulle die Heilige Gees aanhoudend weerstaan. Omdat die Joodse Raad van die oortuiging was dat hulle net in belang van die oorgelewerde godsdiens en in belang van die behoud van die tempel en die volk opgetree het, kon hulle **die aanhoudende beskuldigings eenvoudig net nie**

meer verdra nie. Hulle kon niks teen die getuienis van Stefanus inbring nie, want hy het in wysheid en in die krag van die Heilige Gees getuig.

Hulle woede teenoor Stefanus en sy woorde het daarin uitgekóm dat hulle die tande teen hom gekners het. Dwarsdeur die verkondiging het die Joodse Raad al hoe meer ongemaklik geword oor sy woorde – hulle het al warmer onder die kraag word. Die verkondiging van Stefanus het hulle al hoe meer ontmagtig laat voel. En van frustrasie en woede het hulle op die tande gekners.

Hierdie gekners op die tande laat 'n mens ook dink aan die hoevele kere wat Jesus oor die ewige verdoemenis gepraat het. En elke keer wanneer Hy van die omstandighede vir die verdoemdes gepraat het, het Hy ook genoem dat hulle op die tande sal kners. Alhoewel hierdie manne leiers van die volk en skrifgeleerdes is, het hulle met die verwerping van Jesus hulle eerder met die hel en ewige verdoemenis geassosieer as met die hemel.

2. Hoe verskil Stefanus se gemoed van die van die Joodse Raad s'n? (vers 55)
3. Watter getuienis het Stefanus gegee met hierdie gesig wat hy gesien het? (vers 55-56)
4. Wat kan die betekenis van die gesig vir Stefanus wees? (vers 55-56)

By die Joodse Raad is daar frustrasie terwyl daar by Stefanus **algehele kalmte en vrede is**. Die Joodse Raad se frustrasie kan ook daaraan toegeskryf word dat hulle geen geldige argument teen die getuienis van Stefanus inbring soos wat die Heilige Gees hom gelei het nie.

Met 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan het Stefanus sy oë na die hemel gehou, want die Heilige Gees het hom in staat gestel om die hemele geopend te sien. Met hierdie gesig wat niemand anders behalwe Stefanus alleen kon sien, het die Heilige Gees die kalmte en vrede in Stefanus gegrondves.

Toe Stefanus **getuig** het van wat hy gesien het, het hy ook getuig dat Jesus Christus inderdaad uit die dood opgewek is. Hy sien Hom aan die regterhand van God staan.

Met die benaming *Seun van die mens* sluit Stefanus by die openbaring van Daniël 7:13-14 aan. Jesus het self enkele weke te vore Homself as die Seun van die mens benoem voor die Joodse Raad (Mark 14:62; Luk 22:69). Daarmee getuig Stefanus dan ook dat Jesus werklik die Een is wat deur God gestuur is en wat uiteindelik ook sal oordeel oor elke mag en gesag wat homself teen God verhef.

Die feit dat Jesus aan die regterhand van God staan getuig dat Jesus inderdaad die Een is deur wie God regeer. Hy voer die raadsbesluite van sy Vader uit. Aan Hom is immers al die mag gegee in die hemel en ook op die aarde.

Daar is verskeie verklarings wat hierdie gesig vir Stefanus **beteken**. Die een betekenis is al hierbo aangerak – die Heilige Gees het met die gesig die kalmte en vrede by Stefanus gegrondves. Sommige verklaarders meen ook dat die gesig vir Stefanus kon beteken dat Jesus Christus hom binnekort by sy Vader sal ontvang, daarom staan Jesus en sit Hy nie soos wat dit in Psalm 110 verkondig word nie.

Dit blyk dat daar tog 'n ander Skrifgetroue betekenis aan hierdie gesig ook geheg kan word. Jesus het gesê: **Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is** (Matteus 10:32 AFR53).

Stefanus het getrou gebly aan Christus ondanks die bedreiging wat die verhoor vir hom ingehou het en hy het Christus openlik voor die Joodse Raad bely. Nou kry Stefanus ook die bevestiging in die gesig dat Jesus hom ook voor sy Vader bely.

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">5. Waarom sou die Joodse Raad in hierdie stadium so gereageer het? (vers 57)6. Op grond waarvan kon die Joodse Raad vir Stefanus so vinnig gestenig het? (vers 58)7. Waarom sou Lukas Saulus se naam so uitdruklik hier noem? (vers 58) |
|---|

Toe Stefanus praat van die *Seun van die mens* het hulle geweet dat hy van Jesus praat. Dit is hoe Jesus enkele weke tevore Homself voor hulle genoem het. In die Joodse Raad se oë was hierdie woorde van Stefanus aangaande Jesus aan die regterhand van God **niks minders as laster teen God nie**.

Om hulleself nie nog verder aan lastering bloot te stel nie, het hulle hard geskreeu en en hulle ore toegedruk. In hulle oë was Jesus nog deur God vervloek omdat Hy aan 'n kruis gesterf het.

Tog is dit opmerklik dat dit gesiene manne in die Joodse gemeenskap is wat so reageer. Die reaksie van die Joodse Raad lyk ekstreem, maar dit is die tipiese reaksie van mense wat God verwerp. Hulle kan die waarheid wat aan hulle geopenbaar word nie verdra nie en in geestelike waansin reageer hulle op hulle eie inbeeldinge.

Die Joodse Raad het 'n godsdienstige bedryf sonder dat hulle 'n lewende kennis en verhouding van Jesus gehad het. Met hulle optrede teenoor Stefanus het hulle gedoen wat Jesus voorafgesê het: **Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys. En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie** (Johannes 16:2-3 AFR53).

Die verhoor van Stefanus is die derde verhoor wat die Joodse Raad van die volgelinge van Jesus behartig. Die eerste verhoor het op 'n waarskuwing uitgeloop (Hand 4:17, 21). Die tweede verhoor het daarop uitgeloop dat die apostels geslaan is (Hand 5:40). Die verhoor van Stefanus het summier op sy teregstelling uitgeloop. Dit is duidelik dat die Joodse Raad Gamaliël se advies (Hand 5:40) geheel en al verwerp het.

Ons weet uit die verhoor van Jesus dat die Joodse Raad nie die bevoegdheid gehad het om iemand ter dood te veroordeel en tereg te stel nie (Joh 18:31). Die Romeinse owerheid moes so 'n veroordeling saksioneer voordat dit uitgevoer kon word. Die Joodse wet het ook verbied dat iemand op dieselfde dag wat hy skuldig bevind is tereggestel mag word.. In die geval van Stefanus was daar oor as genoeg getuies van sy oortreding, sodat hulle die eerste klippe kon gooi soos die wet voorskryf (Joh 8:7; Deut 17:7). Dus kan Stefanus se teregstelling – alhoewel dit na massa historiese optrede lyk – **as amptelik beskou word**. Dit is “amptelike” massa geweld onder die saksionering van die Joodse Raad.

Lukas het die gewoonte om iets sommer so terloops te noem wat verderaan in die boek meer betekenisvol raak. Barnabas se naam is so skielik genoem en later het hy saam met Paulus 'n groot rol vervul met die werk in Antiochië en op die eerste sendingreis. In Handeling 6:9 het Lukas al melding gemaak van Silisië – dit is die gebed waar Tarsus geleë is waarvan Paulus afkomstig was. Hier noem hy **Saulus** se naam – die is die Hebreeuse vorm van die naam – want in Handeling 9 begin Lukas al meer van die die gebeure rondom Paulus vertel wat dan van Handeling 13 af tot aan die einde van die boek gaan duur.

Saulus was nie deel van die Joodse Raad nie. In hierdie stadium was hy nog 'n student by Gamaliël. Dit blyk dat hy ook nie 'n getuie was van die Stefanus se sogenaamde oortreding nie, daarom het die getuies wat die klippe kon gooi hulle klere by hom neergesit. Saulus het wel die moord op Stefanus goedgekeur (Hand 8:1).

8. Wat is opmerklik aan die laaste woorde van Stefanus? (vers 59-60)
9. Is daar enige getuienis dat Stefanus se laaste gebed verhoor is? (vers 60)

Stefanus se lewe eindig soos wat hy dit geleef het in die kort tydjie wat ons hom kon leer ken. Sy vertrou op die Here het nie eenkeer vervaag nie. Stefanus volg ook in sy laaste tree op aarde Jesus na. Soos Jesus het Stefanus ook gebed terwyl hulle hom gestenig het. Stefanus se voorlaaste woorde is soortgelyk as Jesus se laaste woorde aan die kruis. **Jesus het gesê: Vader, in u hande gee Ek my gees oor!** (Lukas 23:46 AFR53). Stefanus roep egter die Here Jesus aan en roep dieselfde bede tot Hom. Daarmee het Stefanus nogeens en alsterwende bely dat Jesus werklik God is. Stefanus gee egter nie sy gees oor in die hande van Jesus nie. Jesus het self gesterf, daarom het Hy self sy gees in die hande van sy Vader oorgegee. Stefanus aan die ander kant kan nie self sterf nie, maar hy weet dat hy besig is om te sterf aan die hand van die Jode. Daarom roep hy tot Jesus om sy gees te ontvang.

Die laaste opgetekende woorde van Stefanus is soortgelyk as die eerste woorde van Jesus aan die kruis. Stefanus openbaar dieselfde gesindheid as die Here Jesus – hy bid dat die Here nie sy moordenaars se sonde aan hulle sal toereken nie. Jesus het egter gevra dat sy Vader sy moordenaars moet vergewe omdat hulle nie geweet het wat hulle doen nie. Die feit dat Stefanus in die doodsnikke van sy lewe dieselfde gesindheid as Jesus openbaar, bevestig nogeens dat die beeld van Christus inderdaad tot volmaaktheid in Stefanus herstel is deur die Heilige Gees.

Daar is inderdaad getuienis dat die Here Stefanus se laaste gebed verhoor het. Lukas het die naam van Saulus uitdruklik genoem. In Handeling 9 betuig die Heilige Gees hoe Jesus Christus Stefanus se gebed verhoor het. **Paulus** is op die pad na Damaskus tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring. God het Paulus se misdaad by die dood van Stefanus vergewe en hom 'n prediker van die evangelie van Jesus Christus gemaak.